KIXPIRASIE KWARTAAL 4 2023

Geure en Stories

Elkeen van ons het stories om te vertel en dis belangrik om ook van tyd tot tyd die groepleiers bymekaar te kry om hulle stories te deel. Gebruik potjies kruie en speserye (bv. kaneel, basilie, laventel, roosmaryn, kruisement, chilli en selfs koffiebone of lemoenskywe) en laat hulle gesels oor verskillende herinneringe.

1. Vra hulle om aan die verskillende geure te ruik en te dink watter stories uit hulle kinderdae dit hulle aan laat dink, bv. kaneel laat my dink aan die pannekoeke wat my ouma altyd in die vakansie op die plaas vir ons gebak het.
2. Vra watter geur laat hulle tuis voel, en watter een nie?
3. Vra daarna watter geur laat jou dink aan hoe jy tans God beleef in jou lewe.

Lees saam: 2 Kor. 2: 14-15 (Die Boodskap vertaling)
Ons moet vir God opreg dankie sê, want Hy vat ons oral met Hom saam in sy groot oorwinningstog deur die wêreld. Op elke plek waar ons kom, gebruik God ons. Ons is soos ’n aangename geur wat ander mense van Christus bewus maak. Ons versprei die wonderlike aroma van Christus tot eer van God.

Gesels: Hoe gebruik die Here elkeen om die wonderlike geur van Christus te versprei?

Bid vir mekaar: Watter stories van swaarkry of uitdagings kan ons voor bid?

Gebed
Here, mag ons harte verwarm word terwyl die geure ons help om stories van liefde, medelye, aanvaarding, gasvryheid, egtheid en geluk te onthou.
Mag die herinneringe wat ons vandag van saamwees deel, miskien van 'n ete met familie, vriende of selfs vreemdelinge, 'n diepe verlange in ons skep vir dieper saamwees met U, Here Jesus.
Mag dit ook ons verbeelding prikkel om te droom van 'n kerk wat mense in eenheid saambring.
Gees, mag U onder ons beweeg, ons verhoudings versoen, vir ons genesing bring en nuwe hoop gee.
Mag elkeen vreugde en omgee ervaar en die aangename geur van Christus deel met ander.
Amen